

30 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 13:18-32

Jesus het die duisternis oorwin

Die grootste botsing op hierdie aarde is die botsing tussen lig en duisternis. Jesus het gekom as die Lig vir die wêreld (Joh 1:4,5). Hier waar Hy nou op die punt staan om te sterf vir die donker nag van die mens se sondes, teken die Bybel hoe die sondes donkerte bring in 'n mens se lewe. Dit sien ons by Judas Iskariot. Hy gaan Jesus verraai. Verraad is om iemand wat eintlik naby aan jou is, oor wie jy voorgee dat hy of sy jou vriend is, aan julle gemeenskaplike vyand oor te gee. Hoe donker is dit nie in so iemand se lewe nie! Mag dit nooit so donker in ons lewens word nie! Maar die verraad van Judas was deel van God se groot plan om lig in die duisternis te bring (vers 18). Die groot saak in hierdie gedeelte is nie die persoon van Judas nie, maar dat God besig was om sy groot verlossingsplan uit te voer en te wys dat die sonde en die dood nie die laaste sê het nie. Dit word duidelik as Judas die nag ingaan (vers 30) waarna die heerlijkheid van Jesus en God ingelui word (vers 31). Wanneer jy hierdie heerlijkheid van die lig van God se genade sien, moet dit jou opnuut aanspoor om in hierdie lig te lewe. Bid die Here dat ons elke dag volgens die lig van die Evangelie sal lewe. En as jy te staan kom voor die donkerte van die sonde en die mag van die duiwel, weet dan dat Jesus as Lig oorwin het.

Sing: Psalm 66:7

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)